PENSIOENE OMSENDSKRYWE NR: 4 van 2024

<u>AAN</u> : ALLE WERKGEWERS EN LEDE VAN DIE PREDIKANTE

EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

<u>SANLAM GROEP RISIKO: BEGRAFNISSKEMA: EENMALIGE KEUSE OM VAN OPSIE 2 NA OPSIE 1 TE SKUIF</u>

Met die skuif van diensverskaffer vir begrafnisskema vanaf Sanlam Sky na Sanlam Groep Risiko op 1 November van 2023, het dit mettertyd duidelik geword dat lede wat Opsie 2 gekies het, nie kan voortgaan met die skema by bedanking nie (maar alleen net by aftrede).

Daar is versoeke gewees van lede veral van die amptenare se kant, dat hulle ‘n eenmalige keuse gebied moet word om terug na Opsie 1 te kan gaan. Die versoeke het sin gemaak aangesien hierdie groep lede se loopbane by gemeentes en ander instansies ‘n groter frekwensie van verandering toon as byvoorbeeld predikante. In kort, amptenare bly nie noodwendig tot aftrede in ‘n pos nie terwyl met predikante dit wel die geval is.

Die gevoel was dat hulle meer geld sal spaar omdat Opsie 1 goedkoper is en nie duurder hoef te betaal vir ‘n voordeel wat hulle nie gaan benut nie. Hulle was dan ook gemaklik om met die voortsettingsopsie voort te gaan by bedanking soos voorheen gekommunikeer.

Sanlam Groep Skemas kon egter die versoek om van Opsie 1 na Opsie 2 te gaan, nie goedkeur nie aangesien dit tot anti-seleksie sou lei. Hierdie eenmalige keuse om van Opsie 2 na Opsie 1 te skuif, geld vir ‘n venstertydperk van 1 Junie tot 30 November 2024. Gedurende hierdie tydperk kan lede enige tyd hul keuse uitoefen.

Ingesluit met hierdie brief is die vorm wat voltooi moet word indien u van opsie wil verander. U kan die voltooide vorm asseblief skandeer en as ‘n aanhangsel by ‘n epos voeg en aan Annastacia Kock stuur. Haar epos adres is annastacia.Kock@sanlam.co.za

Vriendelike groete

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENBESTUURDER